Maar hoe sal ek weet of die getal deelbaar is deur 2 of 3 of 5 ens.?



Jy gebruik die reëls van deelbaarheid.

a. $\sqrt{36}$

b. $\sqrt{144}$

c. $\sqrt{324}$

d. $\sqrt{1296}$

Probleemoplossing

Tel die eerste 10 derdemagte op.

Tekem:

Datum:

Hoe vinnig kan jy die lengte van die kante van hierdie kamer bereken? Jy kan 'n sakrekenaar gebruik.

$$9 \text{ m}^2$$

$$144 \text{ m}^2$$

$$529 \text{ m}^2$$



1. Sê of die volgende waar of vals is. Maak enige vals stellings waar.

a. $\sqrt{7^2} = 7$

b. $\sqrt{7^2} = 49$

c. $\sqrt{16 + 9} = 25$

d. $\sqrt{16 + 9} = 5$

e. $\sqrt{6^2} = 36$

f. $\frac{\sqrt{16}}{9} = \frac{4}{3}$

2. Hersien: bereken:

Voorbeeld: $\sqrt{12 \cdot 12}$
 $= 12$

Let wel: Om plek te spaar, gebruik ons die $\cdot$ simbool vir vermenigvuldiging in plaas van die gewone $\times$.

a. $\sqrt{2 \cdot 2}$

b. $\sqrt{3 \cdot 3}$

c. $\sqrt{4 \cdot 4}$

d. $\sqrt{5 \cdot 5}$

e. $\sqrt{6 \cdot 6}$

f. $\sqrt{8 \cdot 8}$

g. $\sqrt{10 \cdot 10}$

h. $\sqrt{7 \cdot 7}$

i. $\sqrt{9 \cdot 9}$

j. $\sqrt{11 \cdot 11}$

3. Stel die vierkantswortel anders voor (met getalle wat nie kwadraatgetalle is nie):

Voorbeeld 1: $\sqrt{2 \cdot 2 \cdot 2}$
 $= \sqrt{2 \cdot 2} \times \sqrt{2}$
 $= 2 \times \sqrt{2}$
 $= 2\sqrt{2}$

Voorbeeld 2: $\sqrt{2 \cdot 2 \cdot 2 \cdot 2 \cdot 2}$
 $= \sqrt{2 \cdot 2} \times \sqrt{2 \cdot 2} \times \sqrt{2}$
 $= 2 \times 2 \times \sqrt{2}$
 $= 2^2 \sqrt{2}$

a. $\sqrt{3 \cdot 3 \cdot 3}$

b. $\sqrt{6 \cdot 6 \cdot 6}$

c. $\sqrt{8 \cdot 8 \cdot 8}$

d. $\sqrt{9 \cdot 9 \cdot 9}$

e. $\sqrt{5 \cdot 5 \cdot 5}$

f. $\sqrt{4 \cdot 4 \cdot 4}$

g. $\sqrt{3 \cdot 3 \cdot 3 \cdot 3 \cdot 3}$

h. $\sqrt{4 \cdot 4 \cdot 4 \cdot 4 \cdot 4}$

i. $\sqrt{7 \cdot 7 \cdot 7 \cdot 7 \cdot 7}$

j. $\sqrt{8 \cdot 8 \cdot 8 \cdot 8 \cdot 8}$

k. Skryf neer wat jy gedoen het en deel dit met 'n familielid.

4. Stel die vierkantswortel anders voor:

Voorbeeld: $\sqrt{8} = \sqrt{2 \times 2 \times 2}$
 $= \sqrt{2 \cdot 2} \times \sqrt{2} = 2 \times \sqrt{2}$
 $= 2\sqrt{2}$

a. $\sqrt{12}$

b. $\sqrt{45}$

c. $\sqrt{28}$

d. $\sqrt{20}$

e. $\sqrt{24}$

f. $\sqrt{18}$

5. Kyk na die voorbeeld en voltooi die volgende:

Voorbeeld: $3^2 = 9$ dus $\sqrt{9} = 3$

a. 5^2

b. 9^2

c. 7^2

d. 2^2

e. 100^2

f. $\sqrt{36}$

g. $\sqrt{81}$

h. $\sqrt{625}$

i. $\sqrt{1}$


j. $\sqrt[3]{8}$

k. Skryf neer wat jy gedoen het en deel dit met 'n familielid.

Probleemoplossing

Stel die vierkantswortel van enige viersyfergetal anders voor deur priemfaktoriserings gebruik.

As die eerste stap in die patroon 1 is, die tweede stap in die patroon 8 is, en die derde stap in die patroon 27 is, wat is die tiende stap in die patroon?



1. Voltooi die tabel:

Getal	Derdemag van die getal	Antwoord
a. 2	$2^3 = (2 \times 2 \times 2)$	8
b. 3		
c. 5		
d. 4		
e. 1		
f. 7		
g. 9		
h. 8		
i. 10		
j. 12		

2. Antwoord positief of negatief sonder om dit te bereken:

Voorbeeld: $(-3)^3$ is negatief, want $(-3) \times (-3) \times (-3) = -27$
 $(3)^3$ is positief, want $(+3) \times (+3) \times (+3) = 27$

a. $(4)^3$

b. $(16)^3$

c. $(-9)^3$

d. $(27)^3$

e. $(-13)^3$

f. $(-6)^3$

3. Skryf in eksponentiële vorm:

Voorbeeld: $a \times a \times a \times b \times b \times b$
 $= a^3 \times b^3$

Voorbeeld: $4 \times 4 \times m \times m \times m$
 $= 4^2 \times m^3$
 $= 16m^3$

a. $b \times b \times b \times m \times m \times m$

b. $3 \times 3 \times 3 \times 3 \times c \times c$

c. $2 \times 2 \times 2 \times n \times n \times n \times n$

d. $m \times m \times m \times n \times n \times n$

e. $4 \times 4 \times 4$

4. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{27}$
 $= \sqrt[3]{3 \times 3 \times 3}$
 $= 3$

a. $\sqrt[3]{125}$

b. $\sqrt[3]{64}$

c. $\sqrt[3]{1}$

d. $\sqrt[3]{8}$

e. $\sqrt[3]{0}$

5. Bereken die derdemagswortel deur die voorbeeld te gebruik om jou te help:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{729}$
 $= \sqrt[3]{3 \cdot 3 \cdot 3 \cdot 3 \cdot 3 \cdot 3}$
 $= 3 \cdot 3$
 $= 9$

729	3
243	3
81	3
27	3
9	3
3	3
1	

Is 729 deelbaar deur 3? Ja,
 $7 + 2 + 9 = 18$,
 18 is deelbaar deur 3.

a. 216




b. 19 683

Probleemoplossing

Stel die derdemagswortel van enige viersyfergetal deur priemfaktoriserings te gebruik.

Tekem:
 Datum:

Wat is die lengte, hoogte en wydte van hierdie kubusse?



1. Sê of die volgende waar of vals is:

a. $\sqrt[3]{2^3} = 2$

b. $\sqrt[3]{7^3} = 49$

c. $\sqrt[3]{27} = 27$

d. $\sqrt[3]{27} = 3$

e. $\sqrt[3]{9^3} = 3$

2. Hersien: bereken:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{12 \cdot 12 \cdot 12}$
 $= 12$

a. $\sqrt[3]{10 \cdot 10 \cdot 10}$

b. $\sqrt[3]{5 \cdot 5 \cdot 5}$

c. $\sqrt[3]{3 \cdot 3 \cdot 3}$

d. $\sqrt[3]{11 \cdot 11 \cdot 11}$

e. $\sqrt[3]{7 \cdot 7 \cdot 7}$

f. $\sqrt[3]{4 \cdot 4 \cdot 4}$

3. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{8 \cdot 2}$
 $= \sqrt[3]{2 \cdot 2 \cdot 2 \cdot 2}$
 $= \sqrt[3]{2 \cdot 2 \cdot 2} \times \sqrt[3]{2}$
 $= 2 \times \sqrt[3]{2}$
 $= 2 \sqrt[3]{2}$

a. $\sqrt[3]{9 \cdot 3}$

b. $\sqrt[3]{25 \cdot 5}$

c. $\sqrt[3]{49 \cdot 7}$

d. $\sqrt[3]{64 \cdot 8}$

e. $\sqrt[3]{4 \cdot 16}$

f. $\sqrt[3]{10 \cdot 100}$

4. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{16}$
 $= \sqrt[3]{2 \cdot 2 \cdot 2 \cdot 2}$
 $= \sqrt[3]{2^3 \times 2}$
 $= 2 \sqrt[3]{2}$

Voorbeeld: $8 = 2 \times 2 \times 2 = 2^3$
 $\therefore \sqrt[3]{8}$
 $= \sqrt[3]{2^3}$
 $= 2$

a. $\sqrt[3]{24}$

b. $\sqrt[3]{54}$

c. $\sqrt[3]{72}$

d. $\sqrt[3]{81}$

e. $\sqrt[3]{80}$

f. $\sqrt[3]{80}$

5. Kyk na die voorbeeld en voltooi die volgende:

Voorbeeld: $2^3 = 8$ dus is $\sqrt[3]{8} = 2$

a. 3^3

b. 4^3

c. 7^3

d. 9^3

e. 1^3

f. $\sqrt[3]{64}$

Probleemoplossing

Soek 'n driesyfer-derdemag wat tussen 500 en 600 is.

Tekem:

Datum:

Lees die volgende:

Ek moet elke dag hierdie getal neerskryf: 200 000 000 000.

Jy kan dit so skryf: 2×10^{11}

Hoe het jy dit gedoen?

Laat ek jou wys.

Skryf die laaste spraakborrel vir hierdie gesprek.

1. Voltooi die volgende. Gebruik die voorbeeld om jou te lei:

Voorbeeld: $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10$
 $= 10\,000\,000$
 $= 10^7$

a. $10 \times 10 =$

b. $10 \times 10 \times 10 \times 10 =$

c. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$

d. $10 \times 10 \times 10 \times 10 \times 10 =$

e. $10 \times 10 \times 10 =$

2. Skryf as 'n natuurlike getal:

a. 10^6

b. 10^4

c. 10^8

d. 10^3

e. 10^5

3. Skryf die volgende getalle in wetenskaplike notasie:

Voorbeeld: 76 430 202
 $= 7,6430202 \times 10^7$

a. 2 567 389

b. 32 876 843

c. 35 784 321

d. 99 999 999

e. 126 589 543

f. 101 101 101

4. Skryf die volgende in standaard notasie:

Voorbeeld: $7,6430202 \times 10^7$
 $= 76\,430\,202$

a. $7,834561 \times 10^6 =$

b. $8,4762 \times 10^4 =$

c. $8,99945671 \times 10^8 =$

d. $9,9345678 \times 10^7 =$

e. $5,8384567 \times 10^7 =$

f. $11,34529 \times 10^5 =$

Probleemoplossing

Skryf 'n getaltesin; gebruik wetenskaplike notasie vir eenhonderdduisend plus een miljoen vermenigvuldig met tien tot die mag twee.

Teken:

Datum:

Wet van eksponente: $x^m \times x^n = x^{m+n}$

Die eksponent van 'n getal sê hoeveel keer die getal in 'n vermenigvuldiging gebruik moet word.
Bv. $2^3 = 2 \times 2 \times 2$

'n Eksponent is 'n maklike manier om baie veelvoude te skryf.

Die wette van eksponente word ook die wette van magte of indekse genoem. Wat dink jy beteken dit? In hierdie werksblad sal jy leer dat: $x^m x^n = x^{m+n}$



1. Vereenvoudig:

Voorbeeld:

$$\begin{aligned} 2^3 \times 2^2 \\ = 2^{3+2} \\ = 2^5 \\ = 32 \end{aligned}$$

Toets:

$$\begin{aligned} 2^3 \times 2^2 \\ = 8 \times 4 \\ = 32 \end{aligned}$$



Jy kan 'n sak-rekenaar gebruik.

a. $3^3 \times 3^7 =$

b. $9^4 \times 9^2 =$

c. $1^9 \times 1^9 =$

d. $10^2 \times 10^6 =$

e. $7^2 \times 7^3 =$

f. $8^5 \times 8^9 =$

2. Vereenvoudig en toets jou antwoord:

Voorbeeld:

$$\begin{aligned}x^3 \times x^4 \\&= x^{3+4} \\&= x^7\end{aligned}$$

Toets jou antwoord. $x = 2$

$$\begin{aligned}2^3 \times 2^4 &\text{ en } 2^{3+4} \\&= 8 \times 16 &= 2^7 \\&= 128 &= 128\end{aligned}$$

a. $c^2 \times c^4 =$
toets met $c = 2$

b. $m^4 \times m^5 =$
toets met $m = 3$

c. $p^7 \times p^3 =$
toets met $p = 2$

d. $q^3 \times q^7 =$
toets met $q = 3$

e. $x^5 \times x^8 =$
toets met $x = 4$

f. $s^9 \times s^2 =$
toets met $s = 5$

3. Hoekom kan ons sê: $a^m \times a^n = a^{m+n}$? Gee drie voorbeelde.

a.

b.

c.

Probleemoplossing

As die antwoord a^{4+2} is, skryf 'n som en die reël vir die antwoord neer.

Tekem:

Datum:

Kan jy nog onthou wat die antwoord is vir hierdie wet van eksponente?

$$x^m \times x^n = \boxed{}$$

Vandag gaan ons leer dat:

$$\frac{x^m}{x^n} = x^{m-n} \text{ of } x^m \div x^n = x^{m-n}$$



Het jy die eksponent wette geleer?

1. Vereenvoudig:

Voorbeeld:

$$\begin{aligned} 3^5 \div 3^2 \\ = 3^{5-2} \\ = 3^3 \\ = 27 \end{aligned}$$

Toets:

$$\begin{aligned} 3^5 \div 3^2 \\ = 243 \div 9 \\ = 27 \end{aligned}$$



Jy kan 'n sak-rekenaar gebruik.

a. $7^5 \div 7^2 =$

b. $3^{10} \div 3^7 =$

c. $2^9 \div 2^3 =$

d. $8^{12} \div 8^8 =$

e. $1^{10} \div 1^{10} =$

f. $4^{15} \div 4^4 =$

2. Vereenvoudig en toets jou antwoord:

Voorbeeld:

$$\begin{aligned}x^5 \div x^3 \\&= x^{5-3} \\&= x^2\end{aligned}$$

Toets jou antwoord. $x = 2$

$$\begin{aligned}2^5 \div 2^3 \\&= 2^{5-3} \\&= 2^2 \\&= 4\end{aligned}$$

en

$$\begin{aligned}2^5 \div 2^3 \\&= 2^{5-3} \\&= 32 \div 8 \\&= 4\end{aligned}$$

$$\therefore 2^5 \div 2^3 = 2^{5-3}$$

a. $p^5 \div p^3 =$
toets met $p = 2$

b. $z^7 \div z^4 =$
toets met $z = 3$

c. $e^8 \div e^3 =$
toets met $e = 2$

d. $x^7 \div x^6 =$
toets met $x = 3$

e. $s^9 \div s^5 =$
toets met $s = 2$

f. $g^{20} \div g^{15} =$
toets met $g = 3$

Probleemoplossing

As die antwoord c^{b-d} is, skryf 'n som daarvoor.



Tekem:

Datum:

Hersien die volgende:

$$x^m \times x^n = \boxed{}$$

$$x^m \div x^n = \boxed{}$$

Vandag gaan ons leer dat:

$$(x^m)^n = x^{mn}$$



Het jy die wette van eksponente geleer?

1. Vereenvoudig:

Voorbeeld:

$$\begin{aligned}(2^3)^2 &= 2^{3 \times 2} \\ &= 2^6 \\ &= 64\end{aligned}$$

Toets:

$$\begin{aligned}(2^3)^2 &= (8)^2 \\ &= 64\end{aligned}$$



Jy kan 'n sak-rekenaar gebruik.

a. $(2^2)^7$

b. $(1^4)^1$

c. $(7^9)^4$

d. $(3^5)^2$

e. $(15^2)^5$

f. $(12^7)^{11}$

2. Vereenvoudig:

Voorbeeld:

$$\begin{aligned}(x^3)^2 &= x^{3 \times 2} \\ &= x^6\end{aligned}$$

Toets jou antwoord. $x = 2$

$$\begin{aligned}(2^3)^2 &= 8^2 \\ &= 64\end{aligned}$$

en

$$\begin{aligned}2^{3 \times 2} &= 2^6 \\ &= 64\end{aligned}$$

$$\therefore (2^3)^2 = 2^{3 \times 2}$$

a. $(x^2)^3$

b. $(p^2)^6$

c. $(p^5)^5$

d. $(a^2)^3$

e. $(x^3)^4$

f. $(v^3)^3$

3. Vereenvoudig:

Voorbeeld:

$$\begin{aligned}(3x^2)^3 &= 3^{1 \times 3} \cdot x^{2 \times 3} \\ &= 3^3 \cdot x^6 = 27x^6\end{aligned}$$

a. $(2e^4)^1$

b. $(4g^3)^5$

c. $(9f^6)^6$

d. $(10k^9)^4$

e. $(23e^{10})^2$

f. $(14t^5)^3$

4. Vereenvoudig:

Voorbeeld:

$$\begin{aligned}(a \times t)^n &= a^n \times t^n\end{aligned}$$

a. $(r \times s)^4$

b. $(b \times c)^y$

c. $(x \times y)^t$

d. $(a \times d)^n$

e. $(a \times c)^k$

f. $(e \times g)^k$

Probleemoplossing

As die antwoord $a^c \times b^c$ is, skryf 'n som vir die antwoord.

Tekem:

Datum:

Hersien die volgende:

$$x^m x^n = \boxed{}$$

$$x^m \div x^n = \boxed{}$$

$$(x^m)^n = \boxed{}$$



Het jy die wette van eksponente geleer?

Vandag gaan ons leer dat:

$$(x^0) = 1$$

1. Wat sal elke getal tot die mag van 0, 1, 2 en 3 wees?

Voorbeeld:

$$3^0 = 1$$

$$3^1 = 3$$

$$3^2 = 9$$

$$3^3 = 27$$



Jy kan 'n sakrekenaar gebruik.

a. 12

b. 8

c. 4

d. 13

e. 9

f. 7

2. Wat sal elke getal tot die mag van 0 en 1 wees?

Voorbeeld:

$$a^0 = 1$$

$$a^1 = a$$

a. x

b. q

c. r

d. m

e. p

f. y

3. Vereenvoudig:

Voorbeeld:

$$(4x^2)^0 \\ = 1$$

a. $(6x^7)^0$

b. $(4y^3)^0$

c. $(7k^9)^0$

d. $(9t^5)^0$

e. $(8s^{10})^0$

f. $(13p^{10})^0$

4. Vereenvoudig deur albei metodes te gebruik.

Voorbeeld:

$$a^4 \div a^4 \\ = \frac{a \cdot a \cdot a \cdot a}{a \cdot a \cdot a \cdot a} \\ = 1$$

a^4 beteken
 $a \times a \times a \times a$
(wat dieselfde is as
 $a \cdot a \cdot a \cdot a$)

$$a^4 \div a^4 \\ = a^{4-4} \\ = a^0 \\ = 1$$

a. $a^6 \div a^6$

b. $v^3 \div v^3$

c. $m^3 \div m^3$

d. $w^2 \div w^2$

e. $y^7 \div y^7$

f. $z^{10} \div z^{10}$

Probleemoplossing

As die antwoord 1 is, skryf 'n som en die reël vir die antwoord neer.

Tekem:

Datum:

In die volgende 3 werksblaaie gaan ons dit wat ons oor eksponente geleer het, toepas. Skryf 3 voorbeelde neer van elk van die volgende.

Kwadrate

Vierkantswortel

Derdemagte

Derdemagswortel

1. Bereken die volgende:

Voorbeeld: (-6^2)
 $= -(6 \times 6)$
 $= -36$



Hoe gebruik ons die BODMAS reël hier?

- B – Hakies eerste
- O – Opdragte (magte en wortels kom voor deling, vermenigvuldiging, optelling en aftrekking)
- DM – Deling en vermenigvuldiging
- AS – Optelling en aftrekking

a. (-8^2)

b. (7^2)

c. (-9^2)

d. (-10^2)

e. (6^2)

f. (-11^2)

2. Bereken die volgende:

Voorbeeld: (-6^3)
 $= -(6 \times 6 \times 6)$
 $= -216$

a. (-3^3)

b. (1^3)

c. (-9^3)

d. (2^3)

e. (-7^3)

f. (-10^3)

3. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $-\sqrt{9}$
 $= -\sqrt{3 \times 3}$
 $= -3$

a. $-\sqrt{36}$

b. $-\sqrt{49}$

c. $-\sqrt{16}$

d. $\sqrt{81}$

e. $\sqrt{4}$

f. $-\sqrt{64}$

4. Bereken die volgende:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{-8}$
 $= -2$

a. $\sqrt[3]{8}$

b. $\sqrt[3]{-27}$

c. $\sqrt[3]{-125}$

d. $\sqrt[3]{64}$

e. $\sqrt[3]{125}$

f. $\sqrt[3]{-64}$

Probleemoplossing

Kwadreer negatief vyftien.



Tekem:

Datum:

Berekeninge met veelvoudige bewerkinge (vierkante en derdemagte, vierkants- en derdemagswortels)

Hersiening: Wat beteken HODMOA? Skryf dit neer.

H	_____
O	_____
D	_____
M	_____
O	_____
A	_____

1. Bereken:

Voorbeeld: $(7 + 6) + (2^3)$
 $= 13 + 8$
 $= 21$

a. $(8 + 5) + (2^2) =$

b. $(2^3) - (3 + 2) =$

c. $(7 + 6) + (7^2) =$

d. $(4 + 2) - (5^2) =$

e. $(3^2) - (3 + 2) =$

f. $(5 - 1) + (4^3) =$

2. Bereken:

Voorbeeld: $(3^2) - (4 - 5)$
 $= 9 - (-1)$
 $= 10$

a. $(1^3) + (3 - 5) =$

b. $(6^2) - (6 - 8) =$

c. $(4^2) - (5 - 7) =$

d. $(8 - 7) - (4^3) =$

e. $(9 - 10) + (2^3) =$

f. $(5 - 7) + (7^2) =$

3. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt{9} + (5 + 1)$
 $= 3 + 6$
 $= 9$

a. $\sqrt{4} + (2 + 3)$

b. $\sqrt{36} + (5 + 6)$

c. $(8 + 4) + \sqrt[3]{27}$

d. $\sqrt[3]{64} - (2 + 1)$

e. $(6 + 8) + \sqrt{144}$

f. $(4 - 3) + \sqrt{16}$

4. Bereken:

Voorbeeld: $\sqrt[3]{125} - (3 - 8)$
 $= 5 - (-5)$
 $= 10$

a. $\sqrt{4} + (5 - 6)$

b. $\sqrt{64} - (5 - 6)$

c. $(8 - 10) + \sqrt{36}$

d. $(9 - 12) + \sqrt[3]{8}$

e. $\sqrt[3]{125} - (6 - 9)$

f. $(-4 - 7) + \sqrt{9}$

5. Bereken:

a. $(\sqrt{25}) + (5 + 4) + (6^2) =$

b. $(9^2) + (\sqrt{36}) - (6 + 2) =$

c. $(\sqrt[3]{125}) + (3) + (5 - 6) =$

d. $(5 + 4) - (5^3) - (\sqrt[3]{8}) =$

e. $(10 - 5) + (\sqrt{81}) - (6^2) =$

f. $(1^3) - (3 - 4) - (\sqrt{144}) =$

Probleemoplossing

As die antwoord eenhonderd is en die som het 3 stappe, met 'n derdemagswortel en 'n kwadraat, wat kan die berekening wees?

Teken:

Datum:

Skryf alles wat jy weet van eksponente en die berekening van eksponente neer.

1. Bereken:

Voorbeeld:

$$\begin{aligned} \frac{2^3}{2^2} &= \frac{2 \times 2 \times 2}{2 \times 2} & \text{of} &= 2^{3-2} \\ &= \frac{8}{2} & &= 2^1 \\ &= 4 & &= 2 \\ &= 2 & & \end{aligned}$$

Onthou

$$\frac{x^m}{x^n} = x^{m-n}$$

a. $\frac{4^4}{4^1}$

b. $\frac{7^4}{7^3}$

c. $\frac{11^9}{11^7}$

d. $\frac{10^3}{10^2}$

e. $\frac{8^4}{8^2}$

f. $\frac{9^{10}}{9^4}$

2. Bereken en vereenvoudig jou antwoord, waar moontlik:

Voorbeeld:

$$\begin{aligned} \left(\frac{3}{4}\right)^2 &= \frac{3^2}{4^2} \\ &= \frac{3 \times 3}{4 \times 4} \\ &= \frac{9}{16} \end{aligned}$$

Jy het dit so gedoen.

... en jou vriend so.

Praat daaroor.

$$\begin{aligned} \left(\frac{3}{4}\right)^2 &= \frac{3^2}{(2^2)^2} \\ &= \frac{3^2}{2^4} \\ &= \frac{9}{16} \end{aligned}$$

a. $\left(\frac{3}{8}\right)^4$

b. $\left(\frac{4}{9}\right)^5$

c. $\left(\frac{7}{10}\right)^3$

d. $\left(\frac{6}{8}\right)^2$

e. $\left(\frac{9}{13}\right)^3$

f. $\left(\frac{2}{14}\right)^4$

3. Bereken en vereenvoudig jou antwoord, waar moontlik:

Voorbeeld:

$$\begin{aligned} &\sqrt{\frac{9}{25}} \\ &= \frac{\sqrt{9}}{\sqrt{25}} \\ &= \frac{3}{5} \end{aligned}$$

Jy het dit so gedoen.

... en jou vriend so.

Praat daaroor.

$$\begin{aligned} &= \frac{\sqrt{3 \cdot 3}}{\sqrt{5 \cdot 5}} \\ &= \frac{3}{5} \end{aligned}$$

a. $\sqrt{\frac{16}{36}}$

b. $\sqrt{\frac{25}{169}}$

c. $\sqrt{\frac{9}{81}}$

d. $\sqrt{\frac{9}{25}}$

e. $\sqrt{\frac{9}{49}}$

f. $\sqrt{\frac{36}{144}}$

Probleemoplossing

Skryf 'n algebraïese uitdrukking waar die teller en noemer in eksponensieële vorm geskryf is.

Teken:

Datum:



Wat vertel elk van die volgende stellings jou? Gee twee voorbeelde van elk.

Konstante verskil:

bv. $-3; -7; -11; -15$ "Tel -4 " by die vorige term of tel in " -4 'e".

Konstante verhouding:

bv. $-2; -4; -8; -16; -32$ "Vermenigvuldig die vorige term met 2."

Om nie 'n konstante verskil of verhouding te hê nie:

bv. $1; 2; 4; 7; 11; 16$

"Vermeerder elke keer die verskil tussen opeenvolgende terme met 1".

Numeriese patrone word in die algemeen verdeel in rekenkunde (deur elke keer 'n getal by te voeg of af te trek) en meetkunde (wat die vermenigvuldig of deling van 'n getal behels). Sommige meetkundige patrone is eksponensiaal, dus is hulle gemaak deur met 'n eksponent te vermenigvuldig.

1. Wat is die konstante verskil tussen die opeenvolgende terme?

a. $3, 5, 7, 9$

b. $2, 4, 6, 8$

c. $9, 6, 3, 0$

d. $7, 14, 21, 28$

e. $1, 2, 3, 4$

f. $6, 12, 18, 24$

2. Wat is die konstante verhouding tussen opeenvolgende terme?

a. $3, 9, 27, 81$

b. $9, -27, 81, -243$

c. $5, -25, 125, -625$

d. $8, 16, 32, 64$

e. $2, -8, 32, -128$

f. $10, -100, 1\,000, -10\,000$

3. Het hierdie patrone 'n konstante verskil of 'n konstante verhouding of nie een van die twee nie?

a. $1, 4, 10, 19$

b. $2, 5, 7, 11$

c. $3, 7, 13, 21$

d. $12, 10, 6, 0$

e. $2, 6, 13, 23$

f. $7, 13, 25, 43$

4. Wat is die konstante verskil of konstante verhouding tussen die opeenvolgende terme?

a. $5, -15, 45, -135$

b. $6, 24, 96, 384$

c. $1, 9, 17, 25$

d. $4, -20, 100, -500$

e. $8, 2, -4, -10$

f. $9, 5, 1, -3$

5. Voltooi die tabel en gee dan die reël.

Voorbeeld:

Posisie	1	2	3	4	5	n
Waarde van die term	3	6	9	12	15	$n \times 3$

Reël? Die term $\times 3$.

- Voltooi die tabel
- Gee die reël.
- Bepaal die termwaarde wat gevra is.

a.

Posisie	2	4	6	8	n
Waarde van die term	4	8		16	

Reël? Wat sal die waarde van die 20^{ste} term wees?

b.

Posisie	5	15	25	35	n
Waarde van die term	12	22			

Reël? Wat sal die waarde van die 45^{ste} term wees?

c.

Posisie	1	2	3	4	5	n
Waarde van die term				-12	-15	

Reël? Wat sal die waarde van die 46^{ste} term wees?

d.

Posisie	1	2	3	4	5	n
Waarde van die term		4	9		25	

Reël? Wat sal die waarde van die n^{de} term wees?

e.

Posisie	0	1		3	4	n
Waarde van die term		2		6	8	

Reël? Wat sal die waarde van die n^{de} term wees?

Probleemoplossing

- As die konstante verhouding -8 is, wat kan die volgorde van getalle wees?
- Teken diagramme om die rekenkundige patrone in vrae 2a en 2d en die meetkundige patrone in 5a en 5d te illustreer.

vervolg

Teken:

Datum:

Praat hieroor.



Posisie van heksagoon in patroon

Aantal vuurhoutjies

1^{ste} term2^{de} term3^{de} term4^{de} term5^{de} term

1

2

3

4

5

 n

?

12

18

24

30

 1×6 2×6 3×6 4×6 5×6

Lees die boonste ry.

Die posisies: 1^{ste} term, 2^{de} term, 3^{de} term, 4^{de} term, 5^{de} term, n^{de} termAs die 2^{de} term se posisie 2 is en sy waarde is 12, is die reël $2 \times 6 = 12$. Is hierdie reël ($n \times 6$) waar vir die ander posisies? Wat is die 1^{ste} term?

6. Teken nog vuurhoutjies om die volgende patroon in 'n volgorde van seshoeke te maak.


Heksagoonpatroon 1:

 (1×6)

Wat sal die volgende patroon wees?

Die reël: voeg een vuurhoutjie by aan elke sy (kant).

Heksagoonpatroon 2:



7. Bereken die hoeveelheid vuurhoutjies wat gebruik is:

a. 1^{ste} heksagoon het 1 vuurhoutjie per kant $1 \times 6 = 6$ b. 2^{de} heksagoon het 2 vuurhoutjies per kantc. 3^{de} heksagoon het 3 vuurhoutjies per kantd. 4^{de} heksagoon het 4 vuurhoutjies per kant

8. Skryf jou resultate in 'n tabel.

 n is die posisie van die term.

Posisie van heksagoon in patroon	1	2	3	4	5	6	10	n
Aantal vuurhoutjies								

10^{de} heksagoon = n^{de} heksagoon =

9. Voltooi die volgende.

Voorbeeld: 8, 15, 22, 29, ...

Term	1	2	3	4	18	n
Waarde van die term	8	15	22	29	127	$7(n) + 1$

Voeg 7 by die vorige posisie.

$7 \times$ die posisie van die term $+ 1$ ____.

$7(n) + 1$, waar " n " die posisie van die term is.

$7(n) + 1$, waar " n " 'n natuurlike getal is.

a. 13, 25, 37, 49...

Term	1	2	3	4	17	n
Waarde van die term						

b. 6, 11, 16, 21 ...

Term	1	2	3	4	22	n
Waarde van die term						

c. 3, 5, 7, 9 ...

Term	1	2	3	4	41	n
Waarde van die term						

10. Teken en voltooi jou eie tabelle deur die volgende inligting te gebruik.

a. $4(n) + 1$

Term						n
Waarde van die term						

b. $6(n) + 1$

Term						n
Waarde van die term						

c. $8(n) + 3$

Term						n
Waarde van die term						

Probleemoplossing

- a. Teken die eerste drie terme van 'n driehoekgetalpatroon. (Doen dit op dieselfde manier as wat jy die heksagoonpatroon in vraag 1 gedoen het. Maak ook gebruik van vuurhoutjies.)
Gee die reël en voltooi die tabel.

Posisie van ____ in die patroon	1	2	3	4	5	10	n
Hoeveel ooreenstemmings							


- b. Voltooi soortgelyke tabelle, maar net vir die eerste drie terme, vir die volgende patrone:
i. Vierhoekgetalpatroon ii. Pentagoongetalpatroon
iii. Oktagoongetalpatroon



Teken:


Datum:

In Graad 7 het jy geleer van inset- en uitsetwaardes. Maak 'n skets om inset- en uitsetwaardes te illustreer.



1. Voltooi die volgende:

Voorbeeld:



$$t = p \times 2 + 3$$

$$0 \times 2 + 3 = 3 \quad (t = 3)$$





$$2 \times 2 + 3 = 7 \quad (t = 7)$$

$$4 \times 2 + 3 = 11 \quad (t = 11)$$

$$6 \times 2 + 3 = 15 \quad (t = 15)$$


$$8 \times 2 + 3 = 19 \quad (t = 19)$$

Hierdie is die reël vir die vloeddiagram.



2. Wat is die reël?

Voorbeeld:



$$4(8) - 1 = 31$$





$$4(12) - 1 = 47$$

$$4(20) - 1 = 79$$

$$4(36) - 1 = 143$$

$$4(68) - 1 = 271$$

Die reël is: $4(p) - 1 = t$



Inset- en uitsetwaardes

3. Beskryf die verhouding tussen die getalle in die boonste en onderste rye van die tabel. Skryf dan die waardes van m en n neer.

Voorbeeld:

x	-2	-1	0	m	2	3
y	30	27	n	21	18	15

$$m = 1$$

$$n = 24$$

Die reël is $y = -3x + 24$.

a.

x	-3	-2	m	0	1	2
y	-1	0	1	2	3	n

$$m =$$

$$n =$$

Die reël is _____

b.

x	1	2	3	4	m	6
y	4			n		14

$$m =$$

$$n =$$

Die reël is _____

Probleemoplossing


As $s = r \times 5 - 9$, waar $r = -2$, wat is s ?

$y = -x + (-3)$ is die reël. Wys dit in 'n tabel met x aan -3, -2, -1, 0, 1, 2

Teken:

Datum:

Pas die woorde by die algebraïese vergelyking.



Dit is 'n algebraïese vergelyking.



$4a^2 + 5 = 12$ is 'n algebraïese vergelyking. $4a^2 + 5$ is 'n algebraïese uitdrukking. Ons lees: Vier vermenigvuldig met a tot die mag 2 plus 5.

1. Omkring die veranderlike:

a. $x + 7 = 10$

b. $2x + 5 = 9$

c. $8 + x = 10$

2. Omkring die konstante:

a. $x + 8 = 14$

b. $3x + 10 = 19$

c. $5x + 9 = 20$

3. Omkring die koëffisiënt:

a. $8x$

b. $9a$

c. $4x + 2 = 10$

4. Omkring die bewerking:

a. $8x \times x$

b. $9a$

c. $4x + 2 = 10$

5. Omkring die mag/eksponent:

a. 5^2

b. $3^3 + 2^2 = 31$

c. $4^2 + 1^3 = 17$

6. Omkring die vergelykings met "soortgelyke terme":

a. $6a + 7a =$

b. $2a + 3b =$

c. $7b + 19 =$

7. Omkring die vergelykings met "nie-soortgelyke terme":

a. $6a + 3a =$

b. $7x + 2y =$

c. $7x + 2x =$

8. Omkring die algebraïese uitdrukking:

a. $2a + 7$

b. $7a$

c. $3a + 22$

Soortgelyke en nie-soortgelyke terme

Ons kan "3 appels" en "4 appels" bymekaar tel, maar ons kan nie "3 appels" en "3 pere" bymekaar tel nie.

9. Omkring die algebraïese vergelykings:

a. $3a + 2 = 10$

b. $10b$

c. $7b + 2 = 16$

10. Hersiening: skryf 'n algebraïese uitdrukking vir elk van die volgende:

a. Ses meer as 'n sekere getal.

b. Ses minder as 'n sekere getal.

c. 'n Sekere getal minder as ses.

d. 'n Getal wat drie keer as 'n term herhaal word.

e. 'n Sekere getal met homself gemaak.



Tekem:

Datum:

vervolg ➡

11. Verduidelik in jou eie woorde die volgende:

a. Wat is die rol van 3^n in 3, 9, 27, 81... 3^n ?

b. Wat is die rol van $2^n + 1$ in 3, 5, 9, ... $2^n + 1$?

c. Wat is die rol van $3^n - 7$ in -4, 2, 20, ... $3^n - 7$?

d. Vir watter waardes van n het 22, 28, 34, 40, ... die reël $6(n + 1) + 4$?

e. Wat is n se rol in die volgende ry: 8, 10, 14, 22, ..., met die reël $6 + 2^n$?

f. Wat is $7(n)+2$ se rol in die ry 9, 16, 23, 30, ... $7(n) + 2$

Probleemoplossing

Skep 'n algebraïese uitdrukking met drie soortgelyke en drie nie-soortgelyke terme.
Wat bedoel n in $7(n + 2)$? (n^{de} term)



Tekem:

Datum:

Bespreek die volgende:

Ons kan "3 appels" en "4 appels" bymekaar tel, maar ons kan nie "3 appels" en "4 pere" bymekaar tel nie.

Gee 5 voorbeelde van soortgelyke terme.

--	--	--	--	--

1. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $3a + 4a = 7a$

Onderstreep die veranderlike in **rooi**.

Onderstreep die konstante in **blou**.

a. $5a + 3a =$

b. $6m - 2m =$

c. $7x - 2x =$

d. $1n + 5n =$

e. $9z + 7z =$

f. $3t + 5t =$

2. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $3a^2 + 5a^2 = 8a^2$

Nota: $3a^2 + 5a^2$ is nie $8a^4$

Onderstreep die veranderlike in **rooi**.

Onderstreep die konstante in **blou**.

a. $1a^2 + 2a^2 =$

b. $8r^2 + 5r^2 =$

c. $2x^2 + 4x^2 =$

d. $4t^2 - 3t^2 =$

e. $3m^2 - 2m^2 =$

f. $5b^2 - 2b^2 =$

3. Vereenvoudig:

Voorbeeld 1: $5x^2 + 4x^2 = 9x^2$

Voorbeeld 2: $5x + 4x^2 = 5x + 4x^2$

a. $4x^2 + 2x^2 =$

b. $5x^2 + 5x =$

c. $8a^2 - 5b^2 =$

d. $8a^3 + 2a =$

e. $3b^3 + 3b =$

f. $8c^3 - 2c^3 =$

4. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $3a^2 \times 4a^2 = 3 \times 4 \times a^2 \times a^2 = 12 \times a^4$
 $= (3a^2)(4a^2)$
 $= 12a^4$

a. $2a \times 3a =$

b. $2c^2 \times 5c^2 =$

c. $5b^2 \times 4b^2 =$

d. $7c \times 8c =$

e. $6b \times 2b =$

f. $5a^2 \times 4a^2 =$

5. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $3a^2 \div 4a^2$
 $= \frac{3a^2}{4a^2} = \frac{3}{4} \times \frac{a^2}{a^2}$
 $= \frac{3}{4}$

a. $1a \div 7a =$

b. $3f \div 5f =$

c. $4a^2 \div 2a^2 =$

d. $5b^3 \div 2b^3 =$

e. $9c \div 9c =$

f. $3x \div 6x =$

Probleemoplossing

Skep 'n som met ses soortgelyke terme. Vereenvoudig dit.

Tekem:

Datum:

Wat is 'n heelgetal? Gee 'n paar voorbeelde.

Hersien dat:

- 'n **positiewe getal** $\times$ 'n **positiewe getal** = 'n **positiewe getal**
- 'n **negatiewe getal** $\times$ 'n **negatiewe getal** = 'n **positiewe getal**
- 'n **negatiewe getal** $\times$ 'n **positiewe getal** = 'n **negatiewe getal**
- 'n **positiewe getal** + 'n **positiewe getal** = 'n **positiewe getal**
- 'n **negatiewe getal** + 'n **negatiewe getal** = 'n **negatiewe getal**
- 'n **positiewe getal** + 'n **negatiewe getal** = 'n **positiewe** of 'n **negatiewe getal**

1. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $-3a - 4a$
 $= -7a$

Onderstreep die veranderlike in **rooi**.

Onderstreep die konstante in **blou**.

a. $-5a + 3a =$

b. $-6m - 2m =$

c. $-7x - 2x =$

d. $1n - 5n =$

e. $-9z + 7z =$

f. $-3t + 5t =$

2. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $-3a^2 - 5a^2$
 $= -8a^2$

Onderstreep die veranderlike in **rooi**.

Onderstreep die konstante in **blou**.

a. $1a^2 - 2a^2 =$

b. $-8r^2 - 5r^2 =$

c. $2x^2 - x^2 =$

d. $-4t^2 - 3t^2 =$

e. $3m^2 - 2m^2 =$

f. $-5b^2 - 2b^2 =$

3. Vereenvoudig:

Voorbeeld 1: $5x^2 - 4x^2 = x^2$

Voorbeeld 2: $5x + 4x^2 = 5x + 4x^2$

a. $-4x^2 + 2x^2 =$

b. $-5x^2 + 5x =$

c. $-8a^2 - 5b^2 =$

d. $-8a^3 + 2a =$

e. $-3b^3 + 3b =$

f. $-8c^3 - 2c^3 =$

4. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $3a^2 \times 4a^2$
 $= 3 \times 4 \times a^2 \times a^2$
 $= 12 \times a^4$
 $= 12a^4$

a. $2a \times -3a =$

b. $-2c^2 \times -5c^2 =$

c. $-5b^2 \times 4b^2 =$

d. $-7c \times 8c =$

e. $-6b \times 2b =$

f. $3a^2 \times -4a^2 =$

5. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $-3a^2 \div 4a^2$
 $= -\frac{3a^2}{4a^2}$
 $= -\frac{3}{4} \times \frac{a^2}{a^2}$
 $= -\frac{3}{4}$

a. $-1a \div 7a =$

b. $3f \div -5f =$

c. $-4a^2 \div 2a^2 =$

d. $-5b^3 \div -2b^3 =$

e. $-9c \div -9c =$

f. $-3x \div 6x =$

Probleemoplossing

Bespreek met jou familie wat soortgelyke terme is.

Tekem:

Datum:

Lees die volgende probleem en onderstreep die hoofkonsepte.

Die verhouding tussen 'n seun se ouderdom (x jaar oud) en sy ma se ouderdom word gegee as $25 + x$. Hoe kan hierdie verhouding gebruik word om die ma se ouderdom te bepaal as die seun 11 jaar oud is?

$$25 + 11 = 36$$

Hier moet jy raaksien dat om die ma se ouderdom te bepaal, jy die seun se huidige ouderdom in die reël $25 + x$ moet vervang. Jy moet ook raaksien dat die reël beteken dat die seun se ma 25 jaar ouer is as hy.

1. Skryf 'n getallesin, algebraïese uitdrukking of algebraïese vergelyking om jou te help om die volgende probleme op te los:

- a. As Pieter sewe jaar jonger is as Jabu en Jabu is twee jaar ouer as Tshepo, hoe oud is Jabu en Tshepo as Pieter 12 jaar oud is?

- b. Sandra koop drie appels meer as wat Lebo gekoop het. Lebo het sewe appels oor nadat hy 17 appels verkoop het. As Sandra net agt appels verkoop, hoeveel het sy oor?

- c. Thabo is 10 cm langer as Lebo, en Lebo is 7cm korter as Mpho. Hoe lank is Mpho as Thabo 178 cm lank is?

- d. Tshepo kry R5 meer as Alwin. Alwin kry R2 minder as Lebo. Hoeveel kry Tsepho meer as Alwin as Lebo R20 kry?

- e. James weeg 80 kg en Jenny weeg x kg minder. Hoeveel weeg hulle saam?

- f. Tee maatskappy A maak 700 meer teesakkies as Tee maatskappy B. Tee maatskappy B maak 300 teesakkies minder as Tee maatskappy C. Hoeveel meer moet Tee maatskappy A maak om 5 000 teesakkies per dag te produseer, as Tee maatskappy C 3 600 teesakkies per dag produseer?

Probleemoplossing

Skep jou eie woordsom en vra 'n vriend om dit te probeer doen.



Tekem:

Datum:

Altesaam

Praat hieroor:

Sipho het sewe albasters en John het vyf. Hoeveel het hulle altesaam?

Wat is die **seutelwoord** in die probleem wat jou vertel watter **bewerking** om te gebruik? Wat vertel die woord "altesaam" vir ons?

Wat is die **hoeveelhede**?

- Sipho se 7 albasters.
- John se 5 albasters.

Optelling is waarskynlik die bewerking wat nodig is.

Wat is die verwantskap of **getallesin**?

Die verhouding is Sipho se albasters + John se albasters = totale albasters.

Die **getallesin** is: $7 + 5 = \underline{\hspace{2cm}}$

1. Los die volgende op:**Voorbeeld:**

Sipho het $7n$ albasters en John het $5n$. Hoeveel het hulle altesaam?

Seutelwoord: optelling

Verhouding: Sipho se albasters + John se albasters = totale albasters.

Getallery: $7n + 5n = 12n$

a. Mpho, Ryna en Gugu het altesaam 15 boeke. Mpho het twee boeke en Gugu het nege boeke. Hoeveel boeke het Ryna?

Seutelwoord: _____

Verwantskap: _____

Getallery: _____

b. Belinda is op bladsy 84 van haar boek. Die boek het 250 bladsye. Hoeveel bladsye moet sy nog lees?

Seutelwoord: _____

Verwantskap: _____

Getallery: _____

c. Thomas het 64 bladsye gelees en Linda het 52 gelees. Hoeveel bladsye het Thomas al meer gelees as Linda?

Sleutelwoord: _____

Verwantskap: _____

Getallery: _____

d. Thabo het x aantal toffies gekoop. Hy het agt oor van gister. As hy vandag die helfte van al die toffies wat hy gekoop het eet, sal hy nog drie hê vir more. Hoeveel het hy gekoop?

Sleutelwoord: _____

Verwantskap: _____

Getallery: _____

2. Skryf 'n verskillende getallesin vir elke stelling.

a. Geld elke maand verdien – uitgawes = geld beskikbaar elke maand.

b. Spoed $\times$ tyd = afstand.

c. Afstand van A na B + afstand van B na C = afstand A na C.

Probleemoplossing

Kabelo het 'n sekere aantal rekenaarspelletjies. Hy kry nog vier vir sy verjaarsdag. Hoeveel speletjies het hy gehad voor sy verjaarsdag as hy nou 37 speletjies het?

Tekem:

Datum:

Die optellingsinverse van -4 is 4 , en die optellingsinverse van 4 is -4 .

getal

optellingsinverse

$$-4 + 4 = 0$$

$$4 + -4 = 0$$

getal

optellingsinverse

Praat van die omgekeerde van 'n getal.

getal

sy omgekeerde

$$4 \frac{1}{4}$$

Wat kom jy agter? Om 'n omgekeerde van 'n getal te kry, deel net 1 deur die getal.

1. Hersiening:

- Wat is die inverse bewerking van optelling? _____
- Wat is die inverse bewerking van aftrekking? _____
- Wat is die inverse bewerking van vermenigvuldiging? _____
- Wat is die inverse bewerking van deling? _____

2. Voltooi:

Voorbeeld: $-4 \underline{\quad} = 0$
 $-4 + 4 = 0$

- $-5 \underline{\quad} = 0$
- $-9 \underline{\quad} = 0$
- $11 \underline{\quad} = 0$
- $6 \underline{\quad} = 0$
- $-10 \underline{\quad} = 0$
- $-2 \underline{\quad} = 0$

3. Wat is die optellingsinverse? Toon jou berekening om te toets of die som van 'n getal en sy toevoeging inverse gelyk is aan nul.

Voorbeeld: -9
 9 is die optellingsinverse want: $-9 + 9 = 0$

a. -7

b. -9

c. -10

d. -20

e. 3

f. -15

4. Voltooi:

Voorbeeld: $4 \times \underline{\quad} = 1$

$$4 \times \frac{1}{4} = 1$$

a. $5 \times \underline{\quad} = 1$

b. $7 \times \underline{\quad} = 1$

c. $\frac{1}{15} \times \underline{\quad} = 1$

d. $\underline{\quad} \times \frac{1}{2} = 1$

e. $\underline{\quad} \times \frac{1}{12} = 1$

f. $9 \times \underline{\quad} = 1$

5. Wat is die omgekeerde van die volgende? Toon jou berekening om te toets of 'n getal vermenigvuldig by its omgekeerde gelyk is aan 1.

Voorbeeld: Die omgekeerde van 4 is $\frac{1}{4}$ want $4 \times \frac{1}{4} = 1$.

a. 5

b. $\frac{1}{8}$

c. $\frac{1}{10}$

d. 7

e. 3

f. 11



Probleemoplossing

Wat is die vermenigvuldiginverse van 32? Wat is die optellinginverse van 32?

Tekem:

Datum:

Hoe sal jy hierdie balanseer?



Skryf vyf verskillende vergelykings neer.

1. Los op vir x :

Voorbeeld: $x + 5 = -4$
 $x + 5 - 5 = -4 - 5$
 $x = -9$

a. $x + 3 = 7$

b. $x - 6 = 2$

c. $x - 10 = 5$

d. $x - 8 = 6$

e. $x + 5 = 4$

f. $x - 11 = 7$

2. Los op vir x :

Voorbeeld: $x + 3 + 2 = -8$
 $x + 5 = -8$
 $x + 5 - 5 = -8 - 5$
 $x = -13$

a. $x + 2 - 4 = 6$

b. $x + 7 + 2 - 3 = 9$

c. $x + 5 + -8 = -5$

d. $x - 8 + 3 = 7$

e. $x + 4 - 2 + 6 = -2$

f. $x + 11 - 7 + 9 = 7$

3. Los op vir x :

Voorbeeld: $x - 2 + 3 = -5$
 $x + 1 = -5$
 $x + 1 - 1 = -5 - 1$
 $x = -6$

a. $x + 3 + 2 = 4$

b. $x + 8 + 7 = -8$

c. $x + 6 + 6 = 3$

d. $x - 9 - 8 = -3$

e. $x - 5 - 4 = 7$

f. $x - 11 + 5 = -7$

4. Los op vir x :

Voorbeeld: $2x = 16$
 $\frac{2x}{2} = \frac{16}{2}$
 $x = 8$

a. $3x = 27$

b. $5x + x = 18$

c. $2x - 4 = 10$

d. $7x = 28$

e. $5m = 25$

f. $15ab = 30$

5. Los op vir x :

Voorbeeld: $\frac{2x}{3} = 12$
 $\frac{2x}{3} \times 3 = 12 \times 3$
 $\frac{2x}{2} = \frac{36}{2}$
 $x = 18$

a. $\frac{4x}{6} = 12$

b. $\frac{x}{5} = 15$

c. $\frac{x}{2} = 30$

d. $\frac{x}{3} = 6$

e. $2\frac{x}{3} = 24$

f. $\frac{x}{7} = 7$

Probleemoplossing

Los op vir a , as a gedeel deur 25 gelyk is aan 100.

Tekem:

Datum:

Wat betekenen dit om te vervang in wiskunde?

In algebra, word letters soos x of y gebruik om waardes wat gewoonlik onbekend is, te vervang.

Hierdie letters kan gebruik word in vergelykings om te help om 'n verskeidenheid probleme op te los.

Die waarde van die veranderlike kan vir jou gegee word.
Bv. As $a = 2$ en $b = 3$, dan $a + b = 2 + 3 = 5$.

1. As $x = 2$, dan:

Voorbeeld: $2x + 5$
 $= 2(2) + 5$
 $= 4 + 5$
 $= 9$

'n Uitdrukking is getalle, simbole en bewerkinge (+, -, x en ÷) wat saam gegroepeer is om die waarde van iets te wys.

a. $4x + 8 =$

b. $6 + 3x =$

c. $5x + 3x =$

d. $8x + 3 =$

e. $9 + 5x =$

f. $7x - 4x =$

2. Doen dieselfde somme, maar hierdie keer met $x = -2$

a. $4x + 8 =$

b. $6 + 3x =$

c. $5x + 3x =$

d. $8x + 3 =$

e. $9 + 5x =$

f. $7x - 4x =$

3. As $x = 3$, dan:

Voorbeeld: $x^2 + 5$
 $= (3)^2 + 5$
 $= 9 + 5$
 $= 14$

a. $x^2 + 2 =$

b. $x^2 + 11 =$

c. $x^3 + 10 =$

d. $x^2 - 3 =$

e. $x^3 + 30 =$

f. $x^2 - 14 =$

4. Doen dieselfde som, maar hierdie keer is $x = -3$.

a. $x^2 + 2 =$

b. $x^2 + 11 =$

c. $x^3 + 10 =$

d. $x^2 - 3 =$

e. $x^3 + 30 =$

f. $x^2 - 14 =$

5. As $x = 4$, dan:

Voorbeeld: $(x^2) - x$
 $= (4)^2 - 4$
 $= 16 - 4$
 $= 12$

a. $x^2 + x =$

b. $-x + x^2 =$

c. $x^2 + x^2 =$

d. $x^3 - x =$

e. $-x^3 - x =$

f. $x - x^3 =$

6. Doen dieselfde somme, maar hierdie keer is $x = -4$.

a. $x^2 - x =$

b. $-x + x^2 =$

c. $x^2 + x^2 =$

d. $x^3 - x =$

e. $-x^3 - x =$

f. $x - x^3 =$

7. Los op vir x :

Voorbeeld: $\frac{-5x = 10}{-5x = 10}$
 $\frac{-5x = 10}{-5} = \frac{10}{-5}$
 $x = -2$

a. $-2x = 10$

b. $-6x = -12$

c. $2x = 4$

d. $-3x = 9$

e. $7x = 14$

f. $-4x = 16$

8. Los op vir x :

Voorbeeld: $\frac{2x - 6x = 16}{-4x = 16}$
 $\frac{-4x = 16}{-4} = \frac{16}{-4}$
 $x = -4$

a. $4x - 5x = 8$

b. $8x + 4x = 4$

c. $-2x - 10x = 3$

d. $3x + 11x = 7$

e. $9x - 4x = 5$

f. $x - 3x = 2$

Probleemoplossing

Skep 'n algebraïese uitdrukking deur gebruik te maak van x as your veranderlike en vervang dan x met -6 .

Jy moet breuke in jou uitdrukking hê.

Wat is die waarde van die uitdrukking as $x = 3$?

Jy weet dat h **uitdrukking** h aantal hoeveelhede is wat gekoppel is deur bewerkinge (+, -, x, en ÷) en saam wys wat die waarde van iets is. Wat is h **vergelýking**?

'n Vergelyking sê dat twee dinge dieselfde is, deur wiskundige simbole te gebruik.

'n Vergelyking gebruik die gelykaar- (=) teken.

Voorbeeld:
 $6 + 4 = 11 - 1$

1. Los x op en toets jou antwoord.

Voorbeeld:

Los op vir x as $-2x = 8$. Om die vergelyking op te los: deel al twee kante van die vergelyking deur -2 .

$$\begin{aligned} -2x &= 8 \\ \frac{-2x}{-2} &= \frac{8}{-2} \\ x &= -4 \end{aligned}$$

Toets: $-2x$
 $= -2(-4)$
 $= 8$

Let op dat $-2 \div -2 = \frac{-2}{-2} = 1$ (positiewe een)

a. $4x = 16$

b. $5x = 25$

c. $-8x = 64$

d. $9x = -81$

e. $-7x = 49$

f. $-11x = 88$

2. Los op vir x en toets jou antwoord.

Voorbeeld:

Los op vir x as $3x + 1 = 7$

Om die vergelyking op te los vereis twee stappe:

Voeg -1 by albei kante van die vergelyking.

$$3x + 1 - 1 = 7 - 1$$

$$3x = 6$$

Deel dan al twee kante van die vergelyking met 3.

$$\frac{3x}{3} = \frac{6}{3}$$

$$x = 2$$

Toets: LK = $3x + 1$

$$= 3(2) + 1$$

$$= 6 + 1$$

$$= 7$$

a. $4x + 1 = 9$

b. $5x + 2 = 12$

c. $2x - 4 = 6$

d. $2x - 8 = -10$


e. $-2x - 6 = -14$

f. $3x - 6 = -3$

Probleemoplossing

Skryf 'n algebraïese vergelyking vir twee keer 'n getal, is vier-en-twintig.

Skryf 'n algebraïese vergelyking vir twee keer 'n getal, verminder met nege-en-twintig, is sewe.



Probleemoplossing

38

Skryf sleutelwoorde neer wat jy kan gebruik wanneer jy 'n probleem oplos.

1. Hersiening: Los x op.

a. $x + 5 = 13$

b. $x - 8 = 16$

c. $x - 7 = -9$

d. $-2x = 4$

e. $-3x = -6$

f. $3x + 1 = 13$

2. Los die volgende op:

- a. Wanneer ses by vier keer 'n getal gevoeg word, is die resultaat 50. Wat is die getal?

- b. Die som van 'n getal en nege word met -2 vermenigvuldig en die antwoord is -8 . Wat is die getal?

- c. Die lengte van 'n reghoekige kaart is $37,5$ cm en die omtrek is 125 cm. Bepaal die breedte.

- d. Bepaal die oppervlakte van 'n reghoek met 'n lengte van $2x$ cm en 'n breedte van $2x + 1$ cm. Skryf jou antwoord in terme van x .

- e. As die oppervlakte van 'n reghoek $(4x^2 - 6x)$ cm² is, en sy breedte $2x$ cm, wat sal sy lengte in terme van x wees?

- f. As $y = x^3 + 1$, bereken y wanneer $x = 4$.

- g. Thandi is ses jaar ouer as Sophie. Oor drie jaar sal Thandi twee keer ouer wees as Sophie. Hoe oud is Thandie nou?

- h. In 'n gegewe hoeveelheid tyd, het mnr Shabalala twee keer so ver gery as mev Shabalala. Altesaam het hulle 180 km gery. Bereken die aantal kilometer wat elk gery het.



Deel monome, binome en trinome deur heelgetalle of monome

Kyk en bespreek:

eksponente

$$2x^4 + x^2 + 6x - 1$$

terme

Monoom (1 terme)

$$8x^4$$

Binoom (2 terme)

$$3x^2 + 4$$

Trinoom (3 terme)

$$4x^2 + x^2 + 3$$

Polinoom

$$4x^2 - 5xy^2 + y^2 + 2$$

1. Vereenvoudig. Toets jou antwoord. (Jy kan enige getal gebruik om mee te toets.)

Voorbeeld: $\frac{x^4}{x^2} = \frac{xxxx}{xx} = x \cdot x = x^2$

Dit is monoom.

'n Ander metode is om eksponentwette te gebruik:

$$\frac{x^4}{x^2} = x^{4-2} = x^2$$

Toets deur vervanging: $x = 2$

$$\frac{x^4}{x^2} = \frac{2^4}{2^2} = \frac{16}{4} = 4$$

$$x^2 = (2)^2 = 4$$

a. $\frac{x^2}{x}$

b. $\frac{x^3}{x^2}$

c. $\frac{x^3}{x}$

d. $\frac{4x^2}{2x}$

e. $\frac{6x^3}{2x^2}$

f. $\frac{8x^2}{4x}$

2. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $\frac{x^4 - x^2}{x^2} = \frac{x^4}{x^2} - \frac{x^2}{x^2} = x^2 - 1$

Dit is binoom.

Toets deur vervanging:
 $x = 2$

$$\frac{x^4 - x^2}{x^2} = \frac{2^4 - 2^2}{2^2} = \frac{16 - 4}{4} = \frac{12}{4} = 3$$

$$x^2 - 1 = (2)^2 - 1 = 3$$

a. $\frac{x^6 - x^2}{x^2} =$

b. $\frac{x^9 - x^3}{x^3} =$

c. $\frac{x^8 - x^4}{x^4} =$

3. Vereenvoudig:

Voorbeeld: $\frac{x^4 - 6x^2 - 1}{x^2} = \frac{x^4}{x^2} - \frac{6x^2}{x^2} - \frac{1}{x^2} = x^2 - 6 - \frac{1}{x^2}$

Toets deur vervanging:
 $x = 2$

$$\frac{x^4 - 6x^2 - 1}{x^2} = \frac{2^4 - 6(2)^2 - 1}{2^2} = \frac{16 - 6(4) - 1}{4} = \frac{16 - 24 - 1}{4} = \frac{-9}{4} = -2\frac{1}{4}$$

$$\frac{x^2 - 6 - \frac{1}{x^2}}{x^2} = \frac{(2)^2 - 6 - \frac{1}{(2)^2}}{2^2} = \frac{4 - 6 - \frac{1}{4}}{4} = \frac{-2 - \frac{1}{4}}{4} = -2\frac{1}{4}$$

a. $\frac{x^4 - 2x^2 - 3}{x^2} =$

b. $\frac{x^6 - 2x^3 - 1}{x^3} =$

c. $\frac{x^8 - 2x^4 - 2}{x^2} =$

Probleemoplossing

